

## Bestuur tydelike veranderinge – Ook klampe!

Julie 2022



Figuur 1. 'n Tydelike pyp klamp oor 'n klep wat begin ek het.

Daar was 'n pyp wat begin lek het en hulle kon nie stop om die lek reg te maak nie. Daar is toe besluit om, volgens die aanleg se prosedure, 'n klamp oor die lek te sit. Kenners het die klamp goedgekeur op voorwaarde dat dit na ses maande geïnspekteer word en goedkeuring gegee word vir verdere gebruik. Twee jaar later het die klamp begin lek. Die ses maandelikse inspeksies het nooit gebeur nie. So, die prosedures en voorwaardes vir die tydelike klamp is nie nagekom nie.

'n Klamp om 'n lek af te seel is 'n tydelike oplossing as dit nie moontlik is om permanente herstelwerk te doen nie. Dis swakker as die oorspronklike pyp. Verder is die lek in die pyp nog steeds daar. Uiteindelik moet permanente herstelwerk gedoen word. Pyp klampe is nie bedoel om "permanente" oplossings te wees nie. Enige tydelike aanleg verandering moet bestuur word net soos 'n permanente verandering volgens die aanleg se Bestuur van Verandering (MOC) prosedure. Beste praktyk is om onmiddellik 'n werk versoek te laai met die datum waarop die inspeksies gedoen moet word.

### Het jy geweet?

- Pyp klampe is een van verskeie ingenieurs metodes om lekke te seel. Dit skep 'n druk-omhulsel om die lekplek, en baiekeer word polimeer in die omhulsel ingepomp wat hard word en alles seel. Dit is 'n effektiewe manier om lekke tydelik te stop.
- Alle veranderinge aan 'n gevaarlike proses vereis 'n risiko analise en formele goedkeuring en moet bestuur word streng volgens die aanleg se prosedure vir bestuur van veranderinge (MOC).
- Pypklampe is nie ontwerp om baie lank te hou nie. Uiteindelik moet die item was gelek het soos pype of 'n klep vervang word, volgens die oorspronklike ontwerp spesifikasie of pyp spesifikasie.
- Dis maklik om tred te verloor met 'n pyp klamp en daarvan te vergeet, selfs al is dit in 'n sigbare posisie.
- Die doel van prosesse vir toerusting integriteit is om die betroubaarheid van toerusting te verseker. As die prosesse nie gevolg word nie, kan die betroubaarheid van toerusting verswak en dit bring veiligheidsrisiko's.
- Onthou dat tydelike verandering soos omseil van 'n instrumentasie uit-klink sisteem is nie so sigbaar nie.

### Wat kan jy doen?

- As jy tydelike herstelwerk sien, vra jou toesighouer daarvoor. Jou vraag mag hulle dalk herinner dat 'n inspeksie of hersiening nodig is.
- Alle tydelike herstelwerk moet volgens 'n goedgekeurde Tydelike Verandering Proses (Temporary MOC) gedoen word. Sulke veranderinge moet noukeurig bestuur word – wat insluit gereelde hersiening en inspeksie totdat dit vervang kan word met 'n permanente oplossing.
- Dis soms nodig om dele van die proses tydelik te omseil of af te skakel vir inspeksie of kalibrasie. As jy dit sien gebeur, bespreek dit met jou toesighouer. Maak seker die werk word gedoen met behoorlike goedkeuring.
- Tydelike veranderinge aan beheer sisteme, soos omseil van 'n instrumentasie uit-klink sisteem is nie so sigbaar nie. Sommige beheer sisteme kan wys of sisteme in die omseil posisie is.

## Tydelik beteken Tydelik